Southern African Catholic Bishops' Conference

# PASTORALE BRIEF VIR DIE 2024 NASIONALE EN PROVINSIALE VERKIESINGS

***"Ja, Ek ken die planne wat Ek vir julle het," is die uitspraak van die HERE. "Dit is planne van voorspoed, en nie teenspoed nie, om aan julle 'n toekoms en hoop te gee."*** **Jeremia 29:11**

Liewe Broers en Susters,

In hierdie woorde van die profeet Jeremia vind ons 'n bevestiging van ons geloof in die nabyheid en goedheid van God in Wie ons al ons hoop geplaas het. Hierdie woorde moedig ons aan om as nasie die toekoms tegemoet te gaan en ons geloof in God en ons vertroue in mekaar te plaas.

## EIS DIE DROOM TERUG

In ons verklaring van Augustus 2023 (Eis die room weer op), het ons erken dat "Dertig jaar ná die groot blydskap van ons demokratiese verkiesings, bly ons dankbaar dat ons demokratiese strukture talle pogings weerstaan het van sommige mense wat probeer het om hulle te verswak. Die skeiding van mag staan vas en eerbied vir die wet word steeds gehandhaaf. In die lig van al die verskillende krisisse waarmee ons land te kampe het, vind ons die welwillendheid van baie leiers en medeburgers bemoedigend."

Ons land is nou besig om gereed te maak vir die 2024 nasionale en provinsiale verkiesings. Ons het goeie rede om dankbaar te wees dat ons nog oor ons demokratiese reg beskik om na die stembus te gaan en vrylik ons leiers te kies. Ons gee erkenning aan die uitstekende werk van die Onafhanklike Verkiesingskommissie en die pogings van sovele om ons samelewing van geweld vóór en ná die verkiesing te vrywaar.

"Ons geloof in God en die inherente goedheid van ons medeburgers dwing ons om saam te werk om die armes en kwesbares te beskerm, deur nuwe hoop te gee aan die vele mense wat hoop verloor het en deur die vertroue van ons jongmense te wen." (*Die terugeising van die droom*)

Khanya House, 129 Main Street, Waterkloof, 0181 Pretoria; P.O. Box 941, Pretoria 0001, South Africa.
Tel: +27 (12) 323 6458, Fax: +27 (12) 326 6218, E-mail: sacbcgen@sacbc.org.za

## ONS WORD DAARTOE GEROEP OM SAAM 'N NUWE PAD IN TE SLAAN

*"Daarom, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, "neem ter harte wat julle beleef het: Julle het baie gesaai, maar dit het min opgelewer; julle eet, maar word nie versadig nie; julle drink, maar julle dors word nie geles nie; julle trek aan, maar word nie warm nie. Wie homself uithuur, doen dit vir 'n beursie vol gate."* (Haggai 1: 5, 6)

Die profeet Haggai doen 'n beroep op ons om onsself as nasie te ondersoek oor hoe ons hierdie pad saam gestap het en 'n bietjie na te dink oor hoe ons dit anders kon gedoen het. Haggai het met sy volk gepraat in die jare toe hulle probeer het om hul nasie weer op te bou nadat hulle teruggekeer het uit ballingskap en die droom van hul terugkeer moes versoen met die realiteit van hul terugkoms. Dit was harde en uitdagende werk en hulle het in wanhoop verval.

Net so, ervaar ons die al hoe groterwordende kloof tussen hulle wat het en hulle wat niks het nie, die verval van infrastruktuur, verregaande korrupsie deur sommige medeburgers wat net begaan is oor hul eie welvaart, en geweld. Ons gaan egter nie toelaat dat ons beroof word van die hoop dat as ons saamstaan ons die visie van ons land as 'n tuiste vir almal kan behou.

Dus, as Katolieke leiers, doen ons 'n beroep op al ons mede-Katolieke en alle Suid-Afrikaners om aan te hou werk vir 'n beter toekoms in ons land. Ons mag nie toelaat dat ontnugtering en wanhoop ons verlam nie. Dit sal maar net tot al hoe meer hopeloosheid lei en veral ons jongmense ontmoedig om hul regmatige plek in ons demokratiese instellinge in te neem nie, want dit is juis dié demokratiese instellinge wat die pilare van ons demokrasie vorm en waarvoor soveel mense so baie opgeoffer het.

## ONS VERDOEM SLEGTE HERDERS

*"Wee die herders van Israel wat net aan hulleself weiding verskaf" (Esegiël 34:2-3).*

Omdat 'n mens so bewus is van al die opofferings wat gedurende die stryd teen apartheid gemaak is, walg ons daaraan wanneer ons sien hoe soveel van ons leiers hulleself verryk en so die regmatige drome van ons mense in die rug steek. Ons beleef aan ons eie lyf hoe die gelykenis van die ryk man en Lasarus 'n werklikheid in ons land geword het. Baie van ons leiers vier fees met staatsgeld terwyl die armes, wat wettiglik veronderstel is om voordeel uit dié fondse te trek, buitekant van hongerte vergaan en aan die barmhartigheid van die honde oorgelewer word. (Lukas 16:19-31).

*"Wee die herders van Israel wat net aan hulleself weiding verskaf. Die vet eet julle, en met die wol klee julle julleself; die vetstes slag julle, maar die kleinvee laat julle nie wei nie"* (Esegiël 34:2-3).

## MAAK GEBRUIK VAN JOU STEM!

*"Ek roep vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle. Die lewe en die dood, die seën en die vervloeking, hou ek aan jou voor; kies dan die lewe, sodat jy kan leef, jy en jou nageslag"* (Deuteronomium 30:19)

Moses se woorde herinner ons daaraan dat ons die verpligting het om die lewe te kies. Een manier om die lewe te kies is om gebruik te maak van ons stemreg. Die verkiesing en die uitslag daarvan sal bepaal of ons land 'n verskillende koers as dié van korrupsie en onbevoegdheid inslaan.

Ons beroep ons in alle erns op alle stemgeregtigdes om uit te gaan en te stem en op dié manier 'n boodskap aan ons parlementslede te stuur. Niemand behoort tuis te bly nie.

## STEM VOLGENS JOU ERVARING EN JOU GEWETE!

Vir die welsyn van ons land is dit belangrik dat jy op jou ervaring en gewete staatmaak wanneer jy stem, en nie vir die een of ander politieke party stem aan wie jy lojaal is en wie se optrede jy nooit bevraagteken nie. Dink 'n bietjie na oor wat belangrik is vir die hele nasie, en nie net wat vir jou persoonlik belangrik of wat vir jou politieke party en sy bondgenote van belang is nie.

Dit is so dat die verkiesings dalk in die vorming van koalisies sal uitloop, dink dus ook daaraan hoe jou stem tot die formasie van 'n koalisie regering kan bydra. Koalisies moet beslis nie uiteenval in die verdeelheid en selfs toksiese situasies wat ons al op sommige plekke sien gebeur het nie.

Die SAKBK Geregtigheid en Vrede Kommissie en die Jesuïete Instituut het gesamentlik bronmateriaal ontwikkel om ons te help voorberei vir die verkiesings; sien 2024 Lenten Reflections – English – SACBC. Ons beveel ook die NASIONALE KERKLEIERS KONSULTASIE verklaring oor die verkiesings aan; veral die sake om oor na te dink voordat ons stem wat dié dokument aan ons voorhou, sien National Church Leaders' Statement on 2024 elections 2 11 2023. Ons vra alle parogiepriesters en pastorale rade

om te verseker dat parogiane ingelig is oor die beskikbare materiaal en hulpmiddels om hulle by te staan om verantwoordelike besluite t.o.v. hul stemme te maak.

## DIE LEKE GELOWIGES HET ‘N ONMISBARE ROL

In ons Pastorale Plan, "In diens van God, die Mensdom en die hele Skepping", doen ons ‘n beroep op almal om saam te werk in die opbou van ‘n beter wêreld waar geregtigheid, vrede en geweldloosheid heers. Die Pastorale Plan lê klem op die onmisbare rol van ons leke gelowiges wat *"die Koninkryk van God juis soek deur hulle verbintenis met die sake van die wêreld en hul reëling daarvan volgens God se plan. Hulle lewe in die wêreld en beoefen alle moontlike wêreldse beroepe en werke"*. (Lumen Gentium 31). In die besonder moedig die Pastorale Plan ons aan, deur pous Benedictus XVI, aan te haal, dat *"die Kerk in Afrika in samewerking met regerings, openbare en private instellings wat gemoeid is met die algemene welsyn moet help om die samelewing op te bou. Die Kerk is verbind tot die bevordering van ‘n kultuur van respek vir die wet binne haarself en binne die samelewing."* (Africae Munus 81)

## DIE KRAG VAN GEBED

Die krag van gebed moet nie onderskat word nie. Ons land het gebede nodig. Om vrye, regverdige en vreedsame verkiesings te hou gaan gebed verg. Kom ons bid daagliks vir die lig en leiding van die Heilige Gees. Vertrou, vóór en nadat jy gestem het, jou aksies toe aan die lig en leiding van die Heilige Gees. Bid ook vir ander mense wat gaan stem.

Bid dat hulle wat in die versoeking gelei word om deur geweld die verkiesing of selfs die stemtellery te manipuleer daarvan verhinder sal word; bid dat alle vorme van geweld vermy mag word deur die uitoefening van ons demokratiese reg om vir die persoon van ons keuse te stem.

Ons dank God vir die reg waaroor ons beskik om die uitkoms van ons verkiesings te bepaal. Ons vertrou ons dierbare land toe aan Christus, die Goeie Herder se sorg en aan Maria, ons groot Patroonheilige.

Ons vra alle parogies en geloofsgemeenskappe om elke Sondag en by elke gepaste geleentheid die gebed vir die 2024 verkiesings te bid**; "Here, ons, die mense van Suid-Afrika…"**

## AFSLUITING

**"***Kyk, Ek maak alles nuut." (Openbaring 21:5)*

In die moeilike jare van apartheid en ook toe ons die oorgang vanaf apartheid na ‘n konstitusionele demokrasie gemaak het, het ons as nasie uitgevind dat ons oor ‘n

Godgegewe vermoë beskik om uit die ashoop af op te staan, en skynbaar onmoontlike krisisse te oorkom en nuwe paaie te vind. "Ons is Paasmense en Halleluja is ons lied" (Pous Sint Johannes Paulus II, 30 November 1986). Mag die Heilige Gees aanhou om dit wat in ons harte, families en nasie gebroke is te genees, en mag ons as nasie God se oproep beantwoord om 'n regverdiger en mensliker en meer verenigde en vreedsame Suid-Afrika op te bou.

**+Sithembele Sipuka**

**SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPE KONFERENSIE PRESIDENT**

**08 Februarie 2024**

Khanya House, 129 Main Street, Waterkloof, 0181 Pretoria; P.O. Box 941, Pretoria 0001, South Africa.
Tel: +27 (12) 323 6458, Fax: +27 (12) 326 6218, E-mail: sacbcgen@sacbc.org.za

# GEBED VIR DIE 2024 VERKIESING

**Here, ons die mense van Suid-Afrika**, dank en loof U vir u onuitputlike liefde en die genadegawes van genesing en rede wat U voortdurend aan ons as nasie bied.

Soos ons nou gereed maak vir die verkiesings van 2024, bid ons U om u Heilige Gees te stuur om ons gewetens in ooreenstemming met die Evangelie van Jesus Christus te vorm, sodat ons leiers sal verkies wat die algemene welsyn van ons nasie sal nastreef en met ontsag vir die Here in hul harte sal lewe. Daarom rig ons die volgende smeekbede tot U:

Dat ons nasie se jongmense as kiesers sal registreer en hulleself voorberei om in 2024 te stem.

**Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**

Dat al die beamptes en vrywilligers van die Onafhanklike Verkiesingskommissie eerlik en toegewyd die voorbereidingswerk vir die verkiesings sal verrig en toesien dat alle prosedures volgens die OVK regulasies in plek gesit word:

**Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**

Dat die Suid-Afrikaanse Polisiediens goed voorbereid sal wees om te verseker dat die wet en orde gehandhaaf word tydens die politieke veldtogte wat die verkiesing voorafgaan, sowel as gedurende die verkiesingsproses self en die stemtellery ná afloop daarvan:

**Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**

Dat alle media maatskappye en joernaliste hul verslaggewing en kommunikasie waarheidsgetrou sal doen, asook alle politieke partye gelyk sal behandel en verseker dat daar geen haatspraak uitgesaai word nie:

**Barmhartige God en Vader, laat u wil geskied!**